HANGKLIP GEMEENSKAPSORGSENTRUM

Reg nr 102-000-NPO

Kwartaalikse Nuusbrief – nr 3, April 2018

Visie

Die visie wat Hangklip Gemeenskapsorgsentrum (HGSS) vir ons plaaslike gemeenskap koester is dat samehorigheid, onderlinge respek en 'n kultuur van omgee vir mekaar so ingeboesem word dat niemand, veral behoeftiges, siekes en bejaardes, honger sal ly nie, of eensaam of afgeskeep hoef te voel nie. HGSS poog om hierdie visie op 'n praktiese wyse te laat realiseer deur:

- *Finansiele steun vir dienslewering vanaf die regering en sakesektor en vanuit die gemeenskap te mobiliseer*
- *Voedsame en smaaklike etes te voorsien volgens 'n prysstruktuur wat vir elke gemeenskapslid bekostigbaar is*
- *Gratis kospakkies aan behoeftiges te verskaf*
- *'n Tuisversorsingsdiens vir bejaardes en siekes te bevorder en te koördineer*
- *Verskaffing van basiese gesondheids- (kliniek-)dienste te fasiliteer*
- *Geleenthede vir groeps-aktiwiteite en sosiale interaksie te bevorder.*

Terwyl HGSS 'n ten volle onafhanklike, geregistreerde nie-winsgewende organisasie is, is ons bevoorreg om gratis gebruik te maak van kombuis-, eetsaal- en kantoorfasiliteite by die Lakeside Chapel. Derhalwe werk ons vanaf hul perseel, geleë op die h/v Wheeler- en Whitestraat, Bettysbaai.

Lidmaatskap

Lidmaatskap is oop vir alle inwoners van die Hangklip-gebied, naamlik Bettysbaai (insluitend Mooiuitsig), Pringlebaai en Rooiels. Indien u aansluit en ledegelde jaarliks betaal, is u geregtig op maaltye teen gesubsidieerde tariewe. U maak daardeur ook 'n belangrike bydrae tot die voorsiening van bekostigbare dienste aan behoeftige lede van ons gemeenskap. Die lidmaatskapfooi vir 2018/19 is onveranderd, nl. R60. Dit word egter na R30 verminder vir diegene wie se maandelikse huishoudelike inkomste nie R2 500 oorskry nie. Ons getal lede (huidiglik 132) neem geleidelik toe namate meer inwonwers met ons visie soos hierbo uiteengesit, begin identifiseer.(*Vir lidmaatskapnavrae, kontak Patricia Ackerberg by 082 378 1641*.

Etes

Tans is ons vernaamste (en vinnig-groeiende) diens die voorsiening van gesubsidieerde maaltye op Maandae, Woensdae en Vrydae. Heerlike, voedsame etes kan in HGSS se eetkamer geniet word, of dit kan weggeneem, of selfs afgelewer word aan diegene wie nie in staat is om dit te kom haal nie. Afhangende van huishoudelike inkomste, wissel die prys per ete (onveranderd vir 2018/19) van R10 tot R35 vir 'n lid, terwyl 'n nie-lid steeds R45 betaal. Tydens die finansiële jaar 2017/18 (wat op 31 Maart 2018 geëindig het), was 4 072 etes voorsien, wat 905 (28.6%) meer was as wat in 2016/17 voorsien was. Die grootste deel van hierdie toename was by verre in die hoogsgesubsideerde prysklasse, wat dui op 'n skerp styging (ongeveer sewevoudig) in aanvraag onder laer-inkomste huishoudings. Uit bg. 4 072 etes, is 1 980 (48.6%) teen 'n prys van slegs R10 per ete voorsien. Dit verteenwoordig die mate waartoe behoeftiges in ons gemeenskap ondersteun word.

Woensdagmiddag se aansit-etes is veral gewild vanweë die geleentheid wat dit bied vir sosiale verkeer terwyl 'n twee-gang maaltyd geniet word. Die moontliheid bestaan om sulke aansit-groepe uit te brei na Maandae en Vrydae, waartydens die voorkeur huidiglik vir wegneem-etes is.

Kliniekdienste

Die kliniek word steeds een oggend elke 8 weke bedryf, waartydens kroniese medikasie uitgedeel word en basiese mediese toetse deur gekwalifiseerde verpleegsusters uitgevoer word. Tee, koffie en verversings word vir pasiënte wat wag besikbaar gestel; dit bevorder sosiale interaksie en maak kliniekbesoeke aansienlik aangenamer. Daarbenewens is 'n wye verskeidenheid verpleeghulpmiddels op 'n tydelike leenbasis beskikbaar. By die kliniek van 5 April was 74 pasiente persoonlik teenwoordig, terwyl chroniese medikasie namens 'n bykomende 35 (afwesige) pasiënte afgehaal is. Die volgende kliniek is vir 31 Mei geskeduleer.

Kospakkies vir behoeftiges

Die kospakkie-diens is bedoel vir huishoudings wat sukkel om aan hul basiese voedingsbehoeftes te voldoen. Tans word 34 pakkies maandeliks saamgestel en versprei, hoofsaaklik aan bejaarde en gestremde pensioenarisse in die Moouitsig- en Bettysbaai-omgewing.

Tuisversorging

Met die aanmoediging en ondersteuning van 'n forum van kerkleiers en ander belanghebbende partye, het HGSS middel-2017 'n inisiatief geloods om 'n model vir 'n lewensvatbare, volhoubare tuisversorgingsdiens vir bejaardes en siekes in ons gemeenskap te ondersoek. Dit het voortgespruit uit gedeelde bekommernis oor die toenemende aantal bejaarde inwoners wie ten spyte van verminderde kapasiteit om vir hulself te sorg, in hul eie huise aanbly, hetsy uit voorkeur of omdat geskikte alternatiewe nie bekostigbaar is nie. Die diens, soos beoog, sal nie met professionele tuisvesorgings-diensverskaffers en ander professionele gesondheidsdienste wat reeds in ons gebied beskikbaar is, kompeteer nie. Dit sal eerder poog om met hulle saam te werk en hulle aan te vul om te verseker dat tuisversorgingsdienste toeganklik en bekostigbaar sal wees vir almal in ons gemeenskap wat 'n behoefte daaraan het, ongeag inkomste. Ons het tot dusver die volgende bereik:

- Vergaderings is met gemeenskapsforums gehou en voortspruitend hieruit, is 'n loodskomitee gestig wat leiding sal verskaf met die verdere ontwikkeling van die projek.
- Ons het beskikbare hulpbronne (gesondheids-sorg diensverskaffers, opleidingsmoontlikhede) in ons gebied geïdentifiseer en met relevante partye samesprekings gehou met die oog op toekomstige samewerking. Die Hospice-beweging in die Weskaap was veral behulpsaam met voorsiening van raad en leiding, en het ingestem om ons volgens behoefte met die opleiding van versorgers en toesighouers by te staan.
- Ons het van kundiges met ervaring in administrasie van gesondheidsdienste hulp en advies ontvang wat vir ons van nut sal wees met die ontwikkleling van 'n gesonde besigheidsplan.
- Ons het begin met die bewusmaking van die gemeenskap deur middel van bogenoemde gemeenskpsforums en hierdie nuusbrief om ons doelwitte oor te dra en oor ontwikkelinge verslag te doen.

Terwyl die algemene behoefte aan 'n bekostigbare tuisversorgsings-sisteem in die Hangklipgebied reeds van die begin af duidelik was, sal die praktiese realisering hiervan vereis dat behoeftebepaling baie meer spesifiek van aard moet wees. Net so belangrik dus, is die loods van 'n veldtog om die peil van gemeenskapsbewustheid van dié inisiatief, sowêl as die voordele daarvan, te verhoog. 'n Ingeligde gemeenskap sal baie meer geneig wees om gevalle met 'n dringend behoefte aan tuisversorging, onder die aandag van HGSS te bring – inligting wat vir ons huidige beplanning en toekomstige operasies kritiek is. Derhalwe sal ons (van Julie vorentoe) beskikbaar wees om verskeie fokusgroepe (kerkgroepe,dames/mansgroepe, spesiale belange-groepe) toe te spreek oor sake wat verband hou met tuisversorging. Intussen sal ons 'n kennisgewing versprei waarin ons die publiek versoek om spesifieke inligting oor tuisvesorgingsbehoeftes binne ons gemeenskap te rapporteer. Laastens, is ons in die proses om 'n publieke vergadering te beplan (oop vir alle plaaslike inwoners) om ons tuisversorgingsmodel bekend te stel met 'n aanbieding deur 'n kundige, dinamiese speker oor beplanning vir fasette wat verband hou met die eindjare van ons lewens.

Joy Rourke, wie die tuisversorgingsinisiatief lei, is tans tot Julie oorsee. In haar afwesigheid, kontak asseblief vir Adrian de Kock (082 940 4619; adrian25@telkomsa.net) of George Green (083 283 4454; green@sonicmail.co.za) om verdere inligting te verky of om hulp van enige aard aan te bied.

Kultuur en ontspanning

HGSS ondersteun graag kulturele en ontspanningsaktiwiteite (bv Pilates oefeninge) wat bydra tot die welstand van Hangklipgemeenskaps-lede. Goeie nuus vir brug-geesdriftiges (of diegene wat belangstel om te leer brug speel), is die instelling van 'n Dinsdagmidddag "sosiale brugklub" wat eersdaags sal begin funksioneer. *Gemeenskapslede wat belangstel om aan te sluit, kontak asseblief vir Willemien Law (072 368 8780; wjlaw52@gmail.com).*

Inkomste

Die bronne van ons inkomste (ongeveer R316 000 in 2017/18) is steeds ledegelde en donasies van kerke, plaaslike besighede en individue, asook fondsinsamelingsaktiwiteite, die verkoop van etes en staatsubsidies. Die grootste enkele bydrae (R145 000) tot ons inkomste in 2017/18 was uit hoofde van ons deelname aan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Ouer Persone Program. Ons vertrou dat hiedie bron oor die volgende drie jaar sal aanhou om stabiel te wees. Die naas-grootste bydrae (R77 400) was afkomstig van die verkoop van etes. Dit was meer as genoeg om die koste (R54 300) van die bestanddele te dek, maar ten opsigte van die volle koste van ete-voorbereiding, was daar 'n tekort van R74 000. Dit dui op die peil van subsidiëring van maaltye vir behoeftiges wat gehandhaaf word. Ongelukkig het die inkomste uit sekere ander bronne (veral indiduele en besigheidsdonasies en straatinsamelings) onlangs gedaal. Ten spyte hiervan het die jaar met 'n gesonde surplus (byna R110 000) geëindig – 'n bedrag wat slegs gedeeltelik sou kon bydra tot die veel groter finansieringskoste van ons beoogde gesubsideerde tuisversorgingsprogram. Laasgenoemde sal kragdadige fonds-insamelings inisiatiewe benodig, veral om verlore grond to herwin en nuwe grond te ontgin wat donasies aanbetref.

Ten slotte

Help asseblief om te verseker dat hierdie nuusbrief onder die aandag van soveel moontlik Hangklip inwoners gebring word. Ons sou graag wou sien dat elke leser oorweeg om lid te word of ten minste bewus word van die dienste wat HGSS aan die gemeenskap lewer. Vir diegene wat graag 'n eenmalige of gereelde (belastingaftrekbare) donasie aan hierdie verdienstelike saak wil maak, voorsien ons graag die nodige bankbesonderhede. Gebruik asb u van en voorletters as verwysing en stuur u kontakbesonderhede aan Adrian de Kock (adrian25@telkomsa.net) sodat hy mettertyd 'n belastingsfaktuur kan uitreik.

Rekening:	Hangklip Community Care Centre	**Bank:**	Eerste Nasionale Bank.
Tak-kode:	210460 (Kleinmond)	**Rekeningnr:**	62460003818